
# 456 U het die brood gebreek




U is die Lewensbrood, Heiland, vir my;
u woord is waarheid, Heer, en maak my vry!
Help my met U omhoog gemeenskap hou;
leer my u Woord bemin, U gans vertrou!

Stuur, Heer, u Heil'ge Gees, leer my U dien;
raak tog my oë aan om U te sien!
Wil steeds u waarheid meer aan my ontvou,
tot ek in elke blaar my Heer aanskou!

Heilig u waarheid, Heer, deel my dit mee,
net soos die brood gebreek daar by die see!
Dan knel geen bande meer, en boeie val;
dan vind ek rus by U, my Een en Al!

Onbekend W.F. Sherwin (1826-88)